Memorandum aan JacarandaFM

Opmerkings van me. Tumi Morake en die pad vorentoe

Aan: Kevin Fine, Hoofbestuurder van JacrandaFM

Van: Dirk Hermann, Bestuurshoof van Solidariteit

15 September 2017

Inleiding

Die opmerkings van me. Tumi Morake het 'n sweer oopgesteek. 'n Onderliggende frustrasie van wit Suid-Afrikaners het uitgeborrel, maar 'n onderliggende frustrasie in haarself, wat gevoelens van swart Suid-Afrikaners verteenwoordig, het ook uitgeborrel. Dit was ’n klein mikrokosmos van wat onder die vel van Suid-Afrikaners leef. Alhoewel die statistiek van die Instituut van Rasseaangeleenthede wys dat verreweg die meeste Suid-Afrikaners goed oor die weg kom en van mening is dat hulle mekaar nodig het, moet hierdie soort gevoelens nie geïgnoreer word nie.

Om 'n pleister op die swere te plak, gaan bloot infeksie veroorsaak. Die doel van hierdie memorandum is nie om te vra vir vergelding of straf nie, maar om te help om die diep swere wat tot uiting gekom het, skoon te maak. Ons kan dus nie die opmerkings en reaksie bloot ignoreer nie. Dit sal ’n verlore geleentheid vir Suid-Afrika wees. Die hele sage het diepliggende frustrasies na vore gebring en indien dit reg hanteer word, kan dit lei tot groter wedersydse begrip en respek vir mekaar wat net tot voordeel van almal in Suid-Afrika kan wees. Hierdie memorandum moet dus in daardie gees gelees word.

Konteks

In gesprekke rondom ras is konteks van kardinale belang.

“You must remember that a man called Jan van Riebeeck arrived here on 6 April 1652, and that was the start of the trouble in this country” – Jacob Zuma

“When we take over power, Afrikaner males, you will know your place!... We are not scared of Afrikaners! This is not your land! You must know your place, you are visitors here.” – Julius Malema

“I think cadres must find that crèche and we must descend upon them with cupcakes in hand.” - Mayihlome Tshwete, woordvoerder van die departement van binnelandse sake, oor die voorval by die crèche in Centurion

“We are aware that our actions in the #blackfacing incident last night at the Heemstede stellar space party where painting our bodies dark purple and cover[ed] with glitter appeared as black and thus as attempt to demean and exotify blackness. We apologise for any offence occurred and take full responsibility for this.” – Poekie Briedenhann oor die PurpleFace-voorval

#AfrikaansMustFall

#WhiteMonopolyCapital

Die breër storie in Suid-Afrika die laaste ruk is ’n verhaal wat skeefgetrek is rondom ras en geskiedenis.

Veral in 2017 het ’n buitelandse skakelfirma hierdie skeefgetrekte verhaal raakgesien en uitgebuit. Bell Pottinger het baie suksesvol rassehaat gesaai – en witmense in die besonder was aan die ontvangkant daarvan.

BellPottinger het nie die verdeeldheid geskep nie – hulle het dit net uitgebuit.

Ons leef in ’n land waarin ’n aanranding by ’n KFC in Montana ononderbroke dekking en regeringsaandag kry; dit is ook ’n land waarin Carine van Staden en Carel Kruger wat deur mense van ’n ander ras geskiet en aangerand is, skaars die nuus haal.

JacarandaFM saai nie in ’n vakuum uit nie.

JacarandaFM se wit luisteraars leef elke dag hierdie breër Suid-Afrikaanse konteks. Hulle hoor voortdurend dat hulle die rede is vir alles is wat fout is met Suid-Afrika; dat hulle moet teruggaan Europa toe; dat hulle moet boet.

Dit is in hierdie breër konteks waar me. Tumi Morake haar opmerkings oor wit mense gemaak het.

Dit is ook die rede waarom Solidariteit se eerste aksie was om die volledige opname van die program waarin haar opmerkings gemaak is, aan te vra, om daardie uur-konteks te kan plaas in die breër dag-, week-, maand-, jaar- en dekadekonteks van Suid-Afrika se huidige verhaal.

Solidariteit is van die begin af verbind tot ’n oop en eerlike gesprek oor hierdie kwessies.

Insident

Op Dinsdag 12 September het me. Tumi Morake en mnr. Martin Bester ’n gesprek van stapel gestuur oor die buitelandse “Afrikaans is Lekker”-toer waartydens Steve Hofmeyr sou optree.

Die storie is aanvanklik in die *Huffington Post* gepubliseer. Dit is dieselfde publikasie wat vroeër vanjaar ’n blog verdedig het wat stel wit mans se stemreg moet weggeneem moet word.

Me. Morake en mnr. Bester het dus geweet hulle beweeg op kontroversiële terrein. Hulle moes minstens geweet het hulle gebruik ’n bevooroordeelde bron.

In ’n stadium het me. Morake ontstig geraak oor die menings van sommige luisteraars wat ingebel het, en toe die gesprek na ras draai, het sy hierdie frustrasie uitgespreek. Dit is hierdie insident wat ’n sweer van woede en seer oopgesteek het.

Me. Morake misbruik die JacarandaFM-platform en begin dan ’n gesprek wat inderwaarheid ’n monoloog is. As aanbieder probeer sy haarself van JacarandaFM distansieer, net om dan in haar persoonlike hoedanigheid op die JacarandaFM-platform haar politieke siening te deel.

Daar was geen teenkanting van JacarandaFM af teen die siening nie – inteendeel, geen opponerende siening is enige lugtyd gegee nie. Dit dui daarop dat JacarandaFM me. Morake se siening oor witmense as ongestrafte boelies deel.

Die oorvereenvoudigde analogie van ’n boelie wat ’n fiets steel, is hoogs problematies gegewe ons sensitiewe verlede. Die laaste twee dekades word daar hard gepoog om wit mense en Afrikaners se geskiedenis in die geheel te kriminaliseer.

Die primêre gedagte agter die poging is dat wit mense presteer omdat hulle alles wat hulle het gesteel het. Dit word gevolg deur die gedagte dat die diewe daarmee weggekom het sonder om gestraf te word.

Hierdie twee denke saam lei noodwendig tot die vrae: “Waarom straf ons nie die diewe nie? Waar is die vergelding?”

Ons wil graag by me. Morake en JacarandaFM weet – waar dink hulle moet die vergelding begin? As dit nie is wat bedoel is nie, waarom dan ’n analogie gebruik waarin dit uitdruklik gestel word dat daar nog geen vergelding of straf was nie?

Apartheid is beëindig deur ’n skikking wat van beide partye afgekom het. Niemand het gemeen die skikking is die einde van gesprek nie, maar dit het die basis gelê om ’n toekoms van erkenning, samewerking en respek te bou.

Die simplistiese fiets-analogie misken hierdie werklikheid. Dit stel dit dat wit mense boelies is wat nooit tot inkeer gekom het nie, wat teen hul wil geforseer is om die fiets te deel, wat steeds beloon word vir hul boeliegedrag en wat dus eintlik nog straf verdien.

Dit is denke wat eerder in radikale dampkringe hoort as op ’n hoofstroomstasie soos JacarandaFM. Dit is onrusbarend dat me. Morake gepoog het om sulke denke, wat ’n hele rassegroep kriminaliseer, op JacarandaFM se platform te normaliseer.

Me. Morake het ’n hele groep mense, gebaseer op ras, as boelies ingeklee – en dit gestel dat hulle vergelding en straf verdien. Hierdie groep mense het woedend gereageer.

Hantering

Die betrokke klankgreep met die fiets-analogie is nie onmiddellik op JacarandaFM se webblad beskikbaar gestel nie.

Solidariteit het van die begin af versoek dat ons die volle en ongeredigeerde uur lange uitsending ontvang ten einde me. Morake se opmerkings binne konteks te kan verstaan. Die versoek is steeds nie toegestaan nie.

Dit skep twyfel oor JacarandaFM se verbintenis tot ’n oop en eerlike gesprek oor die voorval.

Op die oggend van 13 September 2017, herhaal me. Morake die stelling – met ’n bykomende angel – as die analogie jou kwaad maak, is jy ’n rassis.

Wat meer is, is dat die res van die oggendprogram gebruik word om slegs die een kant van die gesprek te stel. Alhoewel aangedring word op ’n oop en eerlike gesprek oor die onderwerp word geen rolspeler wat van me. Morake en JacarandaFM se siening verskil, aangehoor nie.

Die misbruik van die platform duur voort, met monoloë wat net die een kant stel en as oop en eerlike gesprekke verbloem word.

Opsommend

A. Me. Morake het haar luisteraars se konteks misverstaan. In hierdie konteks beskryf sy ’n hele groep luisteraars as boelies, en stel dat hulle in 2017 nog gestraf moet word vir apartheid. Die subteks is dat wit mense eerder dankbaar moet wees dat hulle nie gestraf is nie en dat hulle dus moet stilbly.

B. Me. Morake het haar luisteraars vervreem deur doelbewus afstand te skep tussen haar en wit luisteraars. Opmerkings soos “my mense van die grond” skep verdeling. Deur dié opmerking het wit mense gehoor hulle is nie deel van die grond nie, en is dus ’n soort kolonialis wat eintlik ’n vreemdeling is.

C. Me. Morake se uitbarsting het groot woede onder luisteraars veroorsaak – hierdie woede is nooit erken nie. Inteendeel, dit is afgemaak en misken.

D. Me. Morake het die platform wat aan haar as aanbieder gegee is, misbruik. Alhoewel sy probeer stel het dat sy in haar persoonlike hoedanigheid praat, is die stellings steeds op die lug gemaak tydens ’n ontbytprogram van JacarandaFM.

E. JacarandaFM het nog geen ordelike platform geskep waarop die gefrustreerde luisteraars se gevoelens verwoord is nie. Die gesprek rondom die voorval is tans ’n wanordelike monoloog wat deur JacarandaFM geredigeer en gevoer word. Enige standpunt teen die een wat JacarandaFM huldig, word deur me. Morake en JacarandaFM afgemaak as rassisties en anti-gesprek.

In die lig van bogenoemde vra Solidariteit dat:

A. JacarandaFM die volledige ontbytprogram beskikbaar stel en nie slegs vooraf-geredigeerde vyf minuut lange klankgrepe nie.

B. JacarandaFM verskoning vra aan luisteraars wat aanstoot geneem het.

C. Die nodige maatreëls ingestel word om die toekomstige misbruik van die JacarandaFM-platform vir eensydige politieke sienings te voorkom.

D. Die nodige stappe teen me. Morake geneem word weens die misbruik van die JacarandaFM-platform.

E. Solidariteit voel sterk daaroor dat die gesprek wat me. Morake begin het, voortgesit moet word. Ons voel wel dat dit ordelik en redelik moet geskied. Daarom nooi ons JacarandaFM, en me. Morake in die besonder, om ’n geleentheid te help organiseer waar ons hierdie gesprek ordelik verder kan voer.

Ons is oortuig daarvan dat ons uit die kontroversie ’n geleentheid kan skep waar Suid-Afrikaners eerlik met mekaar kan praat tot voordeel van ’n toekoms vir ons en ons kinders.